higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1140**(A)**(J14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste Vraestel)

(9090176)

14 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord slegs DRIE vrae uit AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee die korrekte mediese term vir die volgende:

1.1.1 Die studie van selle

1.1.2 Aangebore siektes

1.1.3 Inflammasie of siekte wat oor ’n lang tydperk strek

1.1.4 Ontsteking van die hartkleppe

1.1.5 Pynlike spasmas van die miokardium

1.1.6 Die hart klop te vinnig

1.1.7 Bloedbraking

1.1.8 Inflammasie van die serebrum en rugmurg

1.1.9 Net een liggaamsdeel, bv. die gesig of ’n arm, is verlam

1.1.10 Pyn wat nie in die aangetaste orgaan voorkom nie

(10 × 2) (20)

1.2 Verduidelik die volgende:

1.2.1 Psigogene pyn (‘psychogenic pain’)

1.2.2 Stupor

1.2.3 Poliepe (‘polyps’)

1.2.4 Otitis media

1.2.5 Tinnitus

1.2.6 Gloukoom

1.2.7 Katarak

1.2.8 Laringitis

1.2.9 Emfiseem

1.2.10 Aambeie (‘piles’)

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die volgende vier vrae.

VRAAG 2

Bespreek die volgende siektetoestande:

2.1 Die chroniese stadium van inflammasie (7)

2.2 Miokarditis (‘myocarditis’) (3)

2.3 Flebotrombose (‘phlebothrombosis’) (4)

2.4 Hemofilie (6)
[20]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die term *serologie.* (3)

3.2 Noem DRIE soorte kokkus-bakterieë (‘coccus bacteria’). (3)

3.3 Noem VIER soorte siektes wat deur virusse veroorsaak word. (4)

3.4 Noem die maniere waarop virusse en bakterieë kan versprei. (5)

3.5 Noem die maniere (‘mechanisms of action’) waarop antibiotika werk. (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende menstruele afwykings:

4.1.1 Amenoree

4.1.2 Dismenoree

(2 × 2) (4)

4.2 Noem die simptome van swangerskap. (4)

4.3 Bespreek die VIER stadiums van kraam volledig. (12)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die verskillende soorte klinieke wat in ons land voorkom. (5)

5.2 Watter faktore moet sorgvuldig dopgehou word om die ontstaan en verspreiding van siektes in ŉ gemeenskap te voorkom? (6)

5.3 Noem VYF siektes waarteen in landsbelang gewaak moet word. (5)

5.4 Gee ŉ kort beskrywing van waterpokkies. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou